

BESIGHEIDSTUDIES

GRAAD 12

Olimpiade Vraestel

Ronde Een

Punte: 30

Tyd: 1 uur

Datum: 10 Mei 2023

Instruksies

1. Vul antwoorde in op die ANTWOORDBLAD.
2. Onthou om jou persoonlike inligting volledig in te vul op die ANTWOORDBLAD.
3. Die ANTWOORDBLAD het 4 afdelings, maak seker dat jy die korrekte vak kies.
4. Elke vraag het 4 moontlike antwoorde (A B C D)
Slegs een antwoord is korrek.
Kleur die antwoord sirkel volledig in.
5. Sterkte!



PROVERTO EMS OLYMPIAD 2023 – GRAAD 12

BESIGHEIDSTUDIES

KIES DIE MEES KORREKTE OPSIE VIR VRAE 1 TOT 30.

IMPAK VAN ONLANGSE WETGEWING OP BESIGHEID – REAKSIE OP EISE VIR REGSTELLING EN BILLIKHEID

1. 'n Werknemer in Suid-Afrika mag 'n maksimum van ____ werk.
 - A 8 uur per dag in 'n 5-dag week
 - B 9 uur per dag in 'n 5-dag week
 - C 9 uur per dag in 'n 6-dag week
 - D 10 uur per dag in 'n 6-dag week

2. Watter een van die volgende dui daarop dat 'n maatskappy aan die Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) 53 van 2003 voldoen?
 - A Verseker dat voorheen benadeelde werknemers werksomstandighede het wat aan minimum vereistes voldoen.
 - B Om werkvoorkeur aan vroulike werkers toe te ken.
 - C Direkte bemagtiging van voorheen benadeelde werknemers deur 'n aandeel in eienaarskap.
 - D Verseker dat voorheen benadeelde gestremde werknemers fisiese toegang tot kantore het.

3. Die POPI-wet is onlangs in Suid-Afrika ingestel en vorm deel van die _____ sektor.
 - A politieke
 - B wetlike
 - C etiese
 - D fisiese

4. Een van die spesifikasies van die WBDV is dat werkers vir werk op _____ dubbelbetaling moet ontvang.
 - A bestuursprojekte
 - B Sondae
 - C gevaarlike projekte
 - D Saterdag

PROFESSIONALISME EN ETIEK

5. As die direkteur van Pick n Pay weens binnehandel uit sy/haar posisie in die maatskappy bedank, toon hulle _____.
 - A sinergie.
 - B aanspreeklikheid.
 - C skadeloosstelling.
 - D vertikale integrasie.

6. Die volgende stelling is ONWAAR. Korrigeer die onderstreepte woorde om dit WAAR te maak.
Nuttigheidsteorie is die etiese teorie wat gebaseer is op die idee dat die doel die middele heilig.
- A Gevolggebaseerde teorie.
 B Narratiewe teorie.
 C Beginselgebaseerde teorie.
 D Teologiegebaseerde teorie.
7. 'n Bekende kleinhandelketting het die volgende in hul jaarverslag gepubliseer:
 “Doeltreffende bestuur word beskou as 'n belangrike komponent en bydraer tot die groep se volgehoue prestasie, wat dit verpligtend maak ongeag die finansiële posisie waarin die maatskappy hom bevind.”
- Hierdie benadering tot etiek is ____
- A 'n Narratiewe teorie.
 B 'n Gevolggebaseerde teorie.
 C volgens 'n Beginselgebaseerde teorie.
 D geen van die bogenoemde nie.
8. Hierdie dokument gee 'n uiteensetting van die verwagte gedrag van werknemers, insluitend kleredrag en stiptelikheid.
- A Etiese kode.
 B Wet op Arbeidsverhoudinge.
 C Gedragskode.
 D Dienskontrak.
9. _____ is die nie-openbaarmaking van inkomste om minder belasting te betaal.
- A Belastingvermyding
 B Belastingaftrekking
 C Belastingontduiking
 D Belasting skuldbriewe

KREATIEWE DENKE EN PROBLEEMOPLOSSING

10. Watter probleemoplossingstegniek sal 'n onderneming gebruik as dit 'n etiese oorweging van die kwessies wat ter sprake is, vereis?
- A TGB
 B RIMS
 C BSC
 D SSGB
11. Watter elemente is in SCAMPER as 'n probleemoplossingstegniek teenwoordig?
- A Scramble, Combine, Amplify, Modern, Put to another use, Eliminate, Reverse.
 B Substitute, Calculate, Amplify, Modify, Pattern, Eliminate, Reverse.
 C Substitute, Combine, Adapt, Modern, Pattern, Elaborate, Reverse.
 D Substitute, Combine, Adapt, Modify, Put to another use, Eliminate, Reverse.

12. Identifiseer die volgende bekende kreatiewe denker en identifiseer waarvoor hy bekend is.



Figuur 1:<https://en.wikipedia.org/wiki/>

- A Steve Jobs, uitvinder, ontwerper en entrepreneur vir Microsoft.
B Steve Jobs, uitvinder, ontwerper en entrepreneur vir Apple.
C Elon Musk, uitvinder, ontwerper en entrepreneur vir Apple.
D Elon Musk, uitvinder, ontwerper en entrepreneur vir Tesla.
13. Die volgende uittreksel is 'n voorbeeld van watter tipe teorie wat in ag geneem moet word wanneer kreatiewe denke in 'n diverse werkplek toegepas word?
- Die gees van die Afrika-wêreldbeskouing sluit heelheid, gemeenskap en harmonie in, wat diep in die kulturele waardes vasgelê/gewortel is.*
- A Inheemse denke.
B Kragveld analise.
C Aansporingsdenke.
D Beperkende kragte.
14. Kies die mees korrekte volgorde van die stappe in probleemoplossing:
1. Versamel en ontleed alle inligting.
 2. Identifiseer moontlike oplossings.
 3. Identifiseer besluitnemingsfaktore.
 4. Definieer die probleem.
 5. Monitor en beheer/kontroleer die besluit.
 6. Ontwikkel en implementeer 'n aksieplan.
- A 4, 1, 3, 2, 6 en 5
B 1, 4, 3, 2, 5 en 6
C 3, 4, 2, 1, 5 en 6
D 4, 3, 1, 2, 6 en 5

UITDAGINGS VAN DIE MAKRO SAKE-OMGEWING

15. Op 1 April 2022 het die korporatiewe belastingkoers in Suid-Afrika ____
- A tot 27% gedaal.
 - B onveranderd op 28% gebly.
 - C tot 29% verhoog.
 - D tot 30% verhoog.
16. Watter van die volgende werknemers het nie die reg om te staak nie?
- A Onderwysers/opvoeders en die Onderwysdepartement.
 - B Die Nasionale Weermag.
 - C Fabriekswerkers.
 - D Bestuur in besighede.
17. _____ is onverwagte en onbeplande gebeure en gebeurtenisse.
- A Tendense
 - B Krisisse
 - C Strategieë
 - D Integrasies
18. Die prima rentekoers van Suid-Afrika was gedurende die grootste gedeelte van 2021 op 'n 50-jaar laagtepunt. Na watter persentasie word verwys?
- A 6.75%
 - B 7.00%
 - C 7.25%
 - D 7.50%
19. Swak ekonomiese groei, beperkende arbeidsregulasies en 'n gebrek aan vaardighede en onderwysontwikkeling het tot grootskaalse werkloosheid in Suid-Afrika bygedra. Wat was Suid-Afrika se werkloosheidsyfer gedurende kwartaal 3 van 2021 (K3, 2021)?
- A 28.4%
 - B 34.9%
 - C 39.2%
 - D 44.7%

BURGERSKAP ROLLE EN VERANTWOORDELIKHEDE

20. Die _____ is 'n nie-winsgedrewe globale organisasie wat verslagdoening oor volhoubaarheidskwessies bevorder deur die skepping van 'n volhoubaarheid verslagdoeningsraamwerk.
- A GRI
 - B SABS
 - C SAID
 - D FTE/SRI
21. Werkplekforums kan gestig word indien die onderneming hierdie hoeveelheid werknemers in diens het.

- A 50
- B 100
- C 500
- D 1 000

22. _____ is die poging om die politieke-, taal- of kulturele verskille tussen lande te verstaan om sodoende te verhoed dat aannames oor ander partye gemaak word.
- A Organisasoriese bewustheid
 - B Wêreldwye bewustheid
 - C Globalisering
 - D Materialisme

BESIGHEIDSFUNKSIES

23. Watter van die volgende beskryf die doel van onderhoudvoering met 'n nuwe werknemer?
- A Om die werknemer die geleentheid te gee om vrae oor die onderneming te stel.
 - B Om meer besonderhede te verkry rakende inligting wat in die CV verskaf word.
 - C Om die kandidaat persoonlik te ontmoet en te bepaal of hulle by die besigheid sal inpas.
 - D Al die bogenoemde.
24. Watter van die volgende is NIE 'n byvoordeel nie?
- A Reistoelaag
 - B Mediese fonds
 - C LBS
 - D Pensioen
25. As die Menslike Kapitaal bestuurder moet jy seker maak dat 'n kontrak tussen die onderneming en die nuwe werknemer onderteken word. Noem die wet waarop jy die kontrak sou baseer.
- A Arbeidswetgewing.
 - B Wet op Vaardigheidsontwikkeling.
 - C Wet op Indiensneming.
 - D Wet op Basiese Diensvoorwaardes.
26. Die keuse van die korrekte verskaffers van goedere en dienste teen die beste moontlike prys, terwyl die vereiste gehalte in gedagte gehou word, is deel van Shoprite se _____ funksie.
- A finansiële
 - B produksie
 - C algemene bestuurs-
 - D aankope
27. Die Pick n Pay No Name handelsmerk tamatiesous is tydens produksie besmet. 'n Mediaverklaring is uitgereik en alle bottels is ten volle terugbetaal. Watter King Kode-beginsel is geïmplementeer?
- A Integriteit
 - B Deursigtigheid
 - C Aanspreeklikheid

D Al die bogenoemde

28. 'n Strategie wat Wimpy op alle vlakke en in alle afdelings van die onderneming kan implementeer om te verseker dat alle werknemers die vereiste standaard handhaaf, word ____ genoem.

- A standaardafwyking
- B marknavorsing
- C werknemer beheer
- D totale gehaltebeheer

29. Noem die onafhanklike organisasie wat onbevooroordeelde uitsprake tussen werkgewers en werknemers kan maak wanneer hulle versoek word om 'n dispuut wat ingevolge die WAV na hulle verwys is, te besleg.

- A KBVA
- B NEAOR
- C WBDV
- D SAKO

30. Die volgende optrede kan dissiplinêre prosedures tot gevolg hê:

- I. gereelde laatkommery.
- II. weiering om tydens die Nasionale grendeltydperkfase 'n gesigmasker by die werk te dra.
- III. weiering om 'n haarnet te dra terwyl daar met kos gewerk word.
- IV. weiering om 'n onredelike opdrag te volg.

- A I, II en III
- B II, III en IV
- C I, III en IV
- D I, II en IV